# Primêre Skool Jim Fouché



# Erekode 2023

*Die JF-manier*

# INHOUDSOPGAWE


## INLEIDING
- Algemeen
- Doel
- Aanvaarding van Erekode
- Die Leerlingraad en Skoolleiers

## DEEL A: WAARDESTELSEL
1. Agtergrond
2. Waardes

## DEEL B: SKOOLREËLS
1. Algemene waardes
2. Algemene gedragsreëls
3. Gedragsreëls binne klas
4. Gedragsreëls op die terrein, sportterrein en geboue
5. Gedragsreëls in die saal
6. Skooldragreëls
7. Orde-reëlings
8. Gedragsreëls rakende menslike verhoudinge
9. Baie ernstige gedragsreëls oortredings
10. Vrystelling van bepalings van die gedragskode

## DEEL C: DISSIPLINE STELSEL
1. Gradering Van Oortredings
2. Dissiplinêre Prosedures
3. Stappe en Sanksies
4. Dissiplinêre en Tribunaal Verhore
5. Prosedure tydens Verhore

## AANHANGSELS

| | |
|---|---|
| Aanhangsel “A” | Lys Van Oortredings |
| Aanhangsel “B” | Brief 1 Kennis Aan Ouers Van Dissiplinêre Oortredings – Stap 1 |
| Aanhangsel “C” | Brief 2 Kennis Aan Ouers Van Dissiplinêre Oortredings – Stap 2 |
| Aanhangsel “D” | Brief 3 Kennis Aan Ouers Van Dissiplinêre Oortredings – Stap 3 |
| Aanhangsel “E” | Brief 4 Kennis Aan Ouers Van Dissiplinêre Oortredings – Stap 4 |
| Aanhangsel “F” | Brief 5 Kennis Aan Ouers Van Dissiplinêre Oortredings – Stap 5 |
| Aanhangsel “G” | Eerste Geskrewe Waarskuwing |
| Aanhangsel “H” | Finale Geskrewe Waarskuwing |
| Aanhangsel “I” | Kennis Van Dissiplinêre Verhoor |
| Aanhangsel “J” | Kennis van ‘n dissiplinêre verhoor deur die Beheerliggaam Dissiplinêre Komitee |
| Aanhangsel “K” | Regte van ‘n leerder wat voor ‘n dissipline komitee verskyn |
| Aanhangsel “L” | Verslag van die Dissiplinêre Verhoor |

# INLEIDING

## ALGEMEEN

Hierdie dokument is die gedragskode van Primêre Skool Jim Fouché, soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

## DOEL

- Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.
- Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses wat effektiewe onderrig en leer kan fasiliteer by die skool. Niks sal 'n leerder vrystel van die handhawing van die skoolreëls nie. Onkunde van die skoolreëls is dus nie 'n aanvaarbare verskoning nie.
- Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.
- Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.
- Ter wille van die vorming van 'n gelukkige, goed gebalanseerde kind wat as gelowige aan God diensbaar kan wees, en 'n verantwoordelike rolspeler in die gemeenskap kan wees, word die volgende van elke leerder verwag:
    - Pligsgetrouheid en deeglike uitvoering van opdragte.
    - Gehoorsaamheid, eerlikheid en hoflikheid.
    - Gereelde skoolbesoek en tuiswerk moet gedoen word.
    - Lojaliteit teenoor die skool, opvoeders en leerders.

## AANVAARDING VAN EREKODE

Ek/ons as ouer/s of voogde voltooi en onderteken die onderstaande dokument en verklaar die volgende:

Ons verbind ons plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

- Hiermee erken ons ontvangs van die Primêre Skool Jim Fouché Erekode.
- Ons verstaan die inhoud van die Primêre Skool Jim Fouché Erekode.
- Ons verbind ons saam met ons kind/ers tot die handhawing van die Jim Fouché Erekode.
- Tesame met die skool sal ons strewe om ons volle samewerking te gee om die skool so doeltreffend moontlik te bestuur, met die strewe om alle ander rolspelers te respekteer en menswaardig te hanteer.
- Ons erken en stem saam dat die Erekode 'n billike en regverdige proses is.

Ek verbind my ook daartoe om:

- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Primêre Skool Jim Fouché getrou na te kom.
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.
- As ouer besef ek dit is my plig om te sorg dat my kind die reëls ken en verstaan.

Ek, ________________________________ die Vader/Moeder/Voog van die volgende leerders

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | | Graad | |
| 2 | | Graad | |
| 3 | | Graad | |
| 4 | | Graad | |

erken hiermee ontvangs te (plek) ________________________ op hierdie ________ (dag) van

_________________________ (maand) ________________ (jaar).

______________________________ ______________________________

Handtekening van ouer Naam van ouer

## VERANDERINGE AAN DIE EREKODE DEUR DIE LOOP VAN DIE JAAR

Veranderinge sal per Errata/Addendum behandel word en aan die ouers per weekbrief/groepe deurgegee word.

## DIE LEERLINGRAAD EN SKOOLLEIERS

- Die leerderraad en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline.
- Leerderraadslede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.
- Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die leerderraadslede of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die leerderraadslede en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

# DEEL A: WAARDESTELSEL

## 1. Agtergrond

Om leerders positief te motiveer en voor te berei om suksesvolle volwasse burgers van die land te wees hou Primêre Skool Jim Fouché aan die leerders die sewe waardes voor. Verder word ge-implimenteer drie vlakke van vergoeding vir die aanleer en uitleef van goeie waardes.

## Sewe Waardes

Alhoewel hierdie nie die enigste waardes is wat belangrik is nie, konsentreer ons op die waardes.




**Vlak 1 - Gedrag**
Leerders ontvang knopies wat soos die voorbeelde hierbo lyk. Die personeel identifiseer leerders wat daarvoor kwalifiseer. Hierdie vlak is gemik op gedrag.

**Vlak 2 - Akademie**
Leerders Ontvang Wakker-Rakker-Plakkers vir hulle volhoubare poging om netjies te werk. Nadat die leerder 5 plakkers ontvang het ontvang hy ‘n Wakker-Rakker-Knopie

**Vlak 3 - Koring-Korrel-Gedrags-Toekennig vanaf Aartjie**
Nadat leerders geen strafkaart ontvang het gedurende die jaar nie kry die leerder ‘n Koring-Korrel-Gedrags-Toekennig.

**Vlak 4**
Verjaarsdagboekmerkies word deur die Hoof individueel aan leerders in die hoof se kantoor uitgedeel. Die boekmerkies het die waarde wat met die graad geassosieer word op en die leerder kan dit as ‘n herinnering oor sewe jaar versamel.

# DEEL B: SKOOL GEDRAGSREëLS

## 1. ALGEMENE WAARDES

1.1 Daar word van leerders verwag om te alle tye teenoor mekaar, Leerderraad en Personeel, konsidererend en hoflik op te tree.

1.2 Daar word van leerders verwag om te alle tye die skoolreëls na te kom ten opsigte van gedrag en voorkoms wanneer die skool verteenwoordig word, by en weg van die skool, binne en buite skoolure. Leerders mag niks doen om te enige tyd of plek, soos bo genoem, die beeld en naam van die skool skade aan te rig nie.

1.3 Geen leerder het die reg om so op te tree dat dit die ander leerders se leer ervaring verhinder of om hulle emosionele, fisiese of materiële skade aan te doen nie.

1.4 Die skool sal in alle gevalle, so gou as wat die skool kan en as wat dit prakties moontlik is, die ouers van enige voorvalle van oortreding in kennis stel en sal hoop dat die ouers en die skool in die gees van konstruktiewe vennootskap, die sodanige probleem sal aanspreek en oplos.

## 2. ALGEMENE GEDRAGSREËLS

2.1 BALSPELE

Geen balspele mag onder dak of in deurlope gespeel word nie. Geen balspele mag naby mure plaasvind nie, omdat vuil balle gewoonlik kolle teen mure laat. Gebreekte skooleiendom sal deur ouers vervang of betaal word.

2.2 BESERING EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word. So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as ouers. Geen leerder mag self huis toe bel en sê dat hy/sy siek is nie.

2.3 BREKASIE EN KWAADWILLIGE BESKADIGING

Geen skade of kwaadwillige beskadiging van privaat eiendom of skooleiendom word toegelaat nie. Enige voorvalle moet onmiddellik by die skoolhoof/Adjunkhoof gerapporteer word. Gebreekte skooleiendom sal deur ouers vervang of betaal word. By moedswillige beskadiging van eiendom sal die koste om die skade te herstel, deur die ouers betaal word.

2.4 AFWESIGHEID

2.4.1 Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van skool afwesig wees.

2.4.2 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek, 'n brief van sy ouers bring waar 'n rede van <u>afwesigheid aangedui word</u>. Die brief moet gedurende die registerperiode aan die betrokke registeronderwyser gegee word. Indien 'n leerder langer as 2 dae afwesig is, moet 'n doktersertifikaat/kliniekbrief voorgelê word.

2.4.3 Gedurende skoolure word dringende verlof deur die skoolhoof verleen, in die geval van ernstige siekte, dood of begrafnis, besoek aan mediese praktisyn, ens. Geen leerder mag 'n ouer of iemand anders skakel om die leerder gedurende skooltyd te kom haal alvorens die nodige toestemming om te skakel vooraf van die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerder by die skool kom haal. Leerders wat afwesig is tydens 'n toets of eksamen moet 'n mediese sertifikaat inhandig, anders sal so 'n leerdr gepenaliseer word.

2.5 ALGEMENE GEDRAG VAN DIE LEERDERS

Ongereelde skoolbesoek steur die leerder in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en onbevoegdheid. Net soos elke volwasse persoon 'n

werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerders skoolgaan as sy daaglikse werk beskou en dit goed doen.

- Ons groet almal elke dag vriendelik en opreg.
- Ons strewe daarna om almal in die skool te leer ken.
- Ons respekteer ons meerderes (onderwysers, ouers en seniors) deur goeie maniere toe te pas bv. te groet, deur oop te maak, te wag by 'n deur dat volwassenes voorgaan, ens.
- Ons praat nooit teë nie en voer opdragte stiptelik, volledig en korrek uit.
- Ons streef daarna om ons taal suiwer te hou en ons gebruik nooit kru taal nie.
- Ons maak ons nooit skuldig aan enige vorm van wangedrag nie.
- Ons mag nie iemand anders se eiendom beskadig of neem nie.
- Ons tree altyd binne en buite die skoolterrein op as ware 'ambassadeurs' van die skool, m.a.w. ons kleredrag, gedrag en optrede is altyd onverbeterlik en prysenswaardig.

## 2.6 GEDRAG VAN ONS LEERDERS TEENOOR OPVOEDERS

- Ons moet ons opvoeders beskou as ons leermeesters en raadgewers; mense wat altyd bereid sal wees om ons leiding te gee.
- Hulle is ook die persone wat elke kind se vordering op elke terrein van ons skoollewe fyn dophou.
- Van leerders word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor hulle opvoeders en hulle behoorlik te groet.
- Van leerders word verwag om gehoorsaam te wees en daaglikse opdragte en huiswerk na die beste van hulle vermoë uit te voer.
- Van die leerders word verwag om hulle altyd ordentlik te gedra en so te sorg vir die goeie dissipline en orde van ons skool.
- Van die leerders word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor ons skool te wees; daar sal nooit met minagting van ons skool, ons opvoeders, ouers en medeleerders gepraat word nie.

## 2.7 GEDRAG VAN ONS LEERDERS TEENOOR ANDER LEERDERS

- Ons kry almal die geleentheid om die senior leerders van ons skool te word, en daarom word van die juniors verwag om die senior leerders (Gr 7) die nodige respek en eerbied te betoon wat hulle waardig is.
- Ons sien na ons seniors op om goeie orde, gees en tradisies van ons skool na te kom.
- Van alle leerders word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op verskillende terreine van die skoollewe.
- Leerders moet vriendelik en beleefd teenoor mekaar wees.
- Leerders moet verdraagsaam wees teenoor mekaar, nie onnodig kwaad word of van mekaar kwaad spreek nie.
- Leerders moet hulle uiterste bes doen in enige spanwerk hetsy sport of andersins, om nie sy maats of sy skool teleur te stel nie.
- Leerders moet mekaar berispe as hulle verkeerd doen.
- Leerders moet hulself altyd en oral so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou sal word.
- Nuwe leerders moet vriendelik ontvang word sodat hulle gou tuis kan voel.

## 2.8 KOUGOM

Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie. Geen kougom kouery mag plaasvind terwyl die leerder in sy/haar skooldrag geklee is nie.

## 2.9 ONTGROENING

- Geen ontgroening mag plaasvind nie.
- Geen leerder mag op die skoolterrein beledig of geïnkrimineer word nie.

## 2.10 LAATKOM

Leerders moet betyds by die skool wees. Tydens saalbyeenkomste moet die laatkommers in elk geval die saal ingaan. As ander leerders op ander dae reeds in hulle klasse is, moet die leerder eers by die registerklas opvoeder gaan aanmeld voordat hy/sy klas toe gaan.

2.11 OPTREDE IN DIE OPENBAAR

- Ons optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy by 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.
- Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons is in skooldrag 'n advertensie van die skool en moet die skool se naam hoog hou. Wees hoflik en vriendelik teenoor almal. Groet beleefd.
- Wees nederig en op jou plek. Sorg dat daar net met lof van ons gedrag, optrede en kleredrag gepraat word. Indien 'n leerder hom nie in die openbaar kan gedra nie, is dit jou plig om hom dadelik te berispe en indien nodig, te rapporteer.

2.12 RAPPORTE

- Daar word aan die einde van elke kwartaal 'n rapport aan die ouers gestuur. Hierdie rapporte moet deur die ouers geteken en dadelik teruggestuur word.

2.13 SELFONE

Selfone moet afgeskakel en gebêre wees vanaf die oomblik wat leerders die skoolterrein betree tot en met die skoolklok lui vir die einde van die skooldag (ook pouse). As orde reëling mag geen leerder gedurende die skooldag sy ouers of voogde skakel sonder die vooraf toestemming van die kantoor nie. Geen ouers mag gedurende hierdie tyd leerders skakel nie. Die kantoor sal u skakel in geval van siekte of nood. Die leerders kan deur die kantoor bereik word.

Die volgende reëling sal geld indien selfone gedurende skoolure aangeskakel of gebruik word:

a. Eerste oortreders se fone sal vir ‘n maand verwyder word.
b. Tweede oortreders se fone sal vir ‘n kwartaal verwyder word.
c. Derde oortreders sal 150 punte kry en daarmee saam voor die Bestuursspan Dissiplinêre Komitee gedaag word.

2.14 SKOOL VERLAAT

- Wanneer 'n leerder weet dat hy/sy die skool gaan verlaat, moet so 'n leerder 'n week voor die tyd by die sekretaresse aansoek doen om 'n oorplasingsertifikaat.
- Die handboeklys moet ook na al die vakopvoeders geneem word sodat daar geteken kan word om aan te dui dat die leerder se handboeke ontvang is en dat die leerder sy/haar <u>gemerkte</u> skrifte ontvang het.

2.15 SKEURSTROKIES

Alle skeurstrokies moet die volgende dag by die skool terug wees. Skeurstrokies moet deur die ouer geteken wees.

2.16 SPEELGOED

Geen speelgoed, ingesluit balle, mag in die saal of klaskamer ingeneem word nie. Geen band-, CD-spelers, Ipods, ens. mag na die skool gebring word nie.

2.17 TERREIN VERLAAT TYDENS SKOOLURE

- Niemand mag sonder die skoolhoof se toestemming die skoolterrein verlaat nie, pouse ingesluit.
- Versoeke tot vroeë skoolverlating moet gedurende die eerste periode by die skoolhoof ingedien word.
- Wanneer 'n leerder met verlof die skoolterrein verlaat, moet die leerder eers by die sekretaresse aanmeld. Sy ouers moet hom uitteken. Geen leerder mag die terrein sonder sy ouers/voogde verlaat nie.

2.18 TOEGANG TOT SKOOL

Toegang tot die skool mag slegs deur die hekke geskied. Geen leerders mag oor of deur enige heining klim nie. Drie hekke van toegang is gereël. Vir veiligheid van leerders sal alle hekke gesluit wees tydens skoolure.

# 3. GEDRAGSREËLS BINNE KLAS

3.1 AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI

Twee klokke lui aan die begin van die skooldag. Wanneer die eerste klok voor skool lui, moet alle leerders so spoedig moontlik na die klas beweeg en voor die registerklas aantree. Wanneer die tweede klok lui, stap die leerders, begelei deur die personeellid, in die klas in.

3.2 AFKONDIGINGS

Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en luister wat gesê word. Alle afkondigings moet betyds in die afkondigingsboek geskryf word.

3.3 EET GEDURENDE LESURE

Geen leerder mag gedurende lesure eet nie. Die opvoeder mag alle kos/lekkers of peuselgoed konfiskeer en buite die klaskamer plaas.

3.4 GEDRAG IN DIE KLASKAMER

- Binne die klaskamer moet elke leerder sy uiterste bes doen om orde te handhaaf en sy deel by te dra dat die werk so vinnig moontlik kan vlot. Leerders mag geen speelgoed soos bv. voëlrekke, klappers, waterpistole, muise, elektroniese speletjies, ens., saambring skool toe nie.
- Leerders moet in die klaskamer bly staan totdat hulle deur die opvoeder gesê word om te sit.
- Tasse mag nie op die tafels en banke gesit word nie.
- Leerders moet alle papiertjies, ens. wat om hulle banke gemors het, optel en in die snippermandjie gooi wanneer hulle die klas verlaat.
- Tafeltjies en stoeltjies moet in ordelike rye gelaat word. Daar mag onder geen omstandighede op die meubels geskryf of gekrap word nie. Geen leerders mag tydens lesure sonder ‘n verlofbrief buite 'n klaskamer wees nie. Geen leerders mag sonder toestemming sitplekke verwissel nie.
- Daar mag nie gedurende lestyd gesels word nie. Wanneer die skoolhoof of Adjunkhoof die klas binnekom tydens 'n lessuur, moet alle leerders flink groet. Leerders hoef nie op te staan nie, omdat dit onnodige geraas veroorsaak en as gevolg van baie vol klasse. Respek word getoon deur as klas die besoeker te groet.

3.5 HANDBOEKE

- Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word van 'n goeie oortreksel voorsien en oppas. As die leerder 'n boek verlore laat raak, moet die leerder die vervangingskoste by die finansiële beampte/vakonderwyser inbetaal en die kwitansie vir die vakopvoeder gee.
- Alle leermateriaal moet op die Handboeklys ingevul word sodra die boek deur die leerder ontvang is.

3.6 HUISWERK

- Moet in huiswerkboeke aangeteken en gedoen word
- Hier kry die leerder die geleentheid om te leer om selfstandig te werk. Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie. Studie- en leerwerk is net so belangrik. 'n Pligsgetroue leerder sal nooit kan beweer dat hy geen huiswerk het nie.
- Werk wat in die klas gedoen is, moet by die huis oorgegaan word om seker te maak dat die leerder dit verstaan en ken.
- Alle huiswerk word in hierdie boekie by die datum ingeskryf waarop dit gedoen moet wees.
- Leerders word aangeraai om wyer te lees as hul handboeke. Hier speel die biblioteek en internet 'n belangrike rol.

3.7 HUISWERKBOEKIE
Huiswerk moet elke dag opgeskryf word. Merk elke opdrag sistematies af wat tuis voltooi is, om te kontroleer of alle huiswerk gedoen is.

3.8 SKOOLWERK
- Ons akademiese werk, wat huiswerk insluit, take, leerwerk vir toetse en eksamens, ens. kom altyd eerste.
- Huiswerk moet pligsgetrou in huiswerkboeke afgeneem en netjies gedoen word.
- Let altyd aandagtig op in die klasse en vra vrae indien werk nie goed begryp/verstaan word nie.
- Berei jou vroegtydig en deeglik voor vir toetse en eksamens.

# 4. GEDRAGSREËLS OP DIE TERREIN, SPORTTERREINE EN GEBOUE

4.1 AANDEEL IN DIE OPBOU EN INSTANDHOUDING VAN DIE TERREIN
Net soos elke mens trots is op sy persoonlike netheid, so moet ons ook trots wees op die netheid en ordelikheid van ons omgewing. So moet elke leerder trots wees op die netheid van ons skoolterrein, die geboue, sportveld, blomme en struike. Dit is nie net die taak van die skoolhoof en personeel nie, maar ook die taak van elke leerder om te help met die opbou en instandhouding van ons terrein.

4.2 BUITEMUURSE AKTIWITEITE (Sport en Kultuur)
- Massa deelname en betrokkenheid, hetsy as deelnemer of as toeskouer, is ons leuse.
- Stiptelike aanmelding vir oefeninge en byeenkomste/wedstryde is 'n absolute vereiste.
- Goeie sportmangees op die veld/baan, pawiljoen en langs die veld/baan is ons leuse.
- Onthou, ons wen en verloor soos ware sportmanne in nederigheid.
- Wanneer van toepassing, moet die voorgeskrewe skool sportdrag te alle tye volledig gedra word. 'n Onberispelike voorkoms is baie belangrik.
- Waar ons van busvervoer gebruik maak, moet die gedrag so wees dat die busbestuurder altyd graag weer die skool sal wil vervoer.
- Tydens sportbyeenkomste en daarna is dit elke leerder se plig om die terrein/sportveld skoon te hou/maak.
- Ons wens altyd 'n wenner opreg geluk.
- Wanneer ander skole ons besoek, maak ons vriende met die leerders en laat hulle tuis voel deur ons gasvryheid.

4.3 ELEKTRIESE INSTALLASIES
Geen leerders mag by skakelborde, ligskakelaars of elektriese installasies peuter nie.

4.4 FIETSE
GEEN LEERDER MAG OP DIE SKOOLTERREIN MET 'N FIETS SKAATSBORDE RY NIE.
- Voor die ingange na die skool moet die leerders afklim en sy fiets tot by die fietsloods stoot.
- Smiddae word die fiets weer gestoot tot by die hek en in die straat begin hy/sy eers ry.

4.5 GEDRAG OP DIE TERREIN
Leerders moet hoflik teenoor opvoeders wees. Leerders moet nie laks wees in hulle houding nie, teen mure of pilare leun of met hande in die broeksakke staan nie.

4.6 HARDLOOP OP STOEPE
Geen hardlopery op die stoepe of op trappe word toegelaat nie. DIT KAN GEVAARLIK WEES.

4.7 KLASWISSELING

- Gedurende klaswisseling beweeg die leerders flink in rye na die volgende klas. Niemand mag sonder toestemming tydens klaswisseling die kleedkamers besoek nie. Wag by die volgende klas totdat die opvoeder die klas toelaat om in die klas te mag gaan.
- Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
- Stap altyd links, veral by trappe waar kinders maklik kan seerkry.

4.8 KLEEDKAMERS

- Die aangewese versoek is: "Mag ek die toilet besoek, asseblief?"
- Kleedkamers moet netjies en skoon gehou word.
- Niks mag in die kleedkamers ingedra word nie, veral nie kos nie.
- Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
- Water is skaars, gebruik dit spaarsamig.
- Tydens klastye mag slegs een leerder op 'n keer uit dieselfde klas, die kleedkamers besoek.

4.9 KANTOORBLOK

Die gedeelte om die kantoorblok is een van die gebiede waar leerders baie stil moet wees. Geen leerder mag hier speel of lawaai veroorsaak nie.

4.10 ONTVANGSPORTAAL EN DEURGANG VOOR MUSIEKKLAS

Geen leerders mag die ontvangsportaal of deurgang voor musiekklas as 'n deurgang gebruik nie. Leerders beweeg slegs deur die ontvangsportaal as hulle die sekretaresse wil gaan spreek.

4.11 POUSE

- Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie. Groter leerders mag nie onnodig in die spele van die kleineres inmeng of hulle pla nie.
- Geen vuil taal nie. Om te vloek, is 'n slegte gewoonte en spreek van jou karakter.
- Daar mag nie naby motors gespeel word nie.
- Geen klippe mag gegooi word nie.
- Geen leerder mag sonder verlof van die skoolhoof die terrein verlaat nie.

4.12 SKOOLGEBOU EN -TERREIN

- Geen fietse/motorfietse mag binne die skoolterrein gery word nie. Fietse en motorfietse moet op die voorgeskrewe plekke parkeer word.
- Niemand mag oor die heining van die skool klim nie. **Geen leerder mag die voorportaal gebruik as deurloop nie.** Geen leerder mag in die personeelkamer en afrolkamer van die skool kom nie.
- Ons hou ons skoolterrein skoon, daarom word geen papiere, kos en ander rommel rondgestrooi nie. Ons gebruik die vullisdromme vir hierdie doel. Die kleedkamers is 'n advertensie van ons skool, daarom sal dit te alle tye skoon en netjies gehou word.
- Geen boom of plant word beskadig op die skoolterrein nie. Geen klaskamerdeur word oop geforseer nie. Geen leerder mag, sonder die toestemming van die onderwyser, in die klas wees nie.
- Geen skoolbank word bekrap of enigsins beskadig nie. Klasversierings word hoegenaamd nie aangeraak of beskadig nie. Geen "geryery" op skoolstoele nie. Die stoel kan breek en jy kan jou rug beseer.
- Geen kougom word op die skoolterrein gekou nie.
- Geen klippe of dergelike voorwerpe word rondgegooi op die skoolterrein nie. Tydens die reënseisoen moet moddergedeeltes van die terrein vermy word.

4.13 SKOOLTERREIN EN ALGEMEEN

- Gedurende pouse word die leerders nie in die klaskamer, saal of die stoepe sonder verlof van 'n opvoeder toegelaat nie.
- **<u>Geen leerder mag eetgoed, speelgoed of enige ander items by die skool onder die leerders verkoop nie.</u>**

- Elke leerder is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou.
- Die geboue, meubels en apparaat moet opgepas word en met die nodige respek behandel word.
- Elke leerder is self vir sy eiendom verantwoordelik.
- Verlore artikels moet by die kantoor ingegee word. Indien 'n leerder iets verloor het, kan die leerder daaroor navraag doen by die kantoor. Leerders is te alle tye verantwoordelik vir die netheid en sindelikheid van die skool en die skoolterrein. Daarvoor is orals vullisblikke beskikbaar. By ons geld die reël: as ek 'n papier sien lê, tel ek dit self op al het ek dit nie daar gegooi nie.
- As ek 'n persoon sien wat dit rondgooi, spreek ek so 'n persoon aan.
- Daar is gereelde klasdiens vir die skoonhou van die terrein onder die toesig van die personeel op terreindiens. Hierdie beleid geld ook by die besoeke aan die terreine van ander skole.
- Personeel in leiersposisies moet altyd leerders benoem wat sal sorg vir vullisblikke by velde en die skoonmaak van die veld na die byeenkoms.

4.14 SPEELTERREINE

Sien die terrein diensrooster vir die afbakening van die verskillende groepe se speelterreine.

4.15 SPELETJIES

- Geen rowwe speletjies mag op die terrein gespeel word nie.
- Groter leerders mag nie onnodig in die speletjies van die kleiner leerders inmeng of hulle pla nie.
- Die skoolbestuur sal van tyd tot tyd, soos nodig, speletjies wat gevaarlik voorkom, verbied.

4.16 DEELNAME AAN SPORT, KULTUUR EN KUNSTE

- Dit is elke leerder se plig om eerstens vir sy skool deel te neem en daarna vir buite instansies.
- Dit is noodsaaklik dat elke leerder aan een of ander sport, kultuur en kunste deelneem. Ten minste een winter en een somersport. Asook deelname aan die kultuur en Kunste geleentheid van die seisoen.

4.17 SPORTOEFENING

Leerders moet betyds wees vir sportoefeninge. Die korrekte sportdrag word ook by die sportoefeninge vereis.

4.18 TENNISBANE

- Leerders mag slegs met die voorgeskrewe seilskoene of tekkies op die tennisbane gaan.
- Tennisbane word nie sonder toestemming gebruik nie.

4.19 TRAPPE

- Geen leerders mag op enige trappe hardloop nie. Geen hardlopery sal op die pawiljoen se trappe geduld word nie.
- Wanneer leerders van trappe gebruik maak, moet hulle altyd links hou.

# 5. GEDRAGSREËLS IN DIE SAAL

5.1 AANTREDE BY DIE SAAL

By die aantree vir saalgeleenthede beweeg die leerders flink na die aantreevlak by die saal. Daar heers absolute stilte wanneer die leerders die saal binnestap. Elkeen gedra hom/haar eerbiedig vir die saalgeleentheid.

# 6. SKOOLDRAGSREËLS

6.1 VOORKOMS EN KLEREDRAG

- Leerders moet altyd skoon en netjies gekleed wees.
- Skooldrag is verpligtend.

- Naels moet kort en versorg wees. Die skool behou die reg voor om te besluit of 'n leerder se hare kort genoeg geknip is en volgens toegelate norms.
- Leerders wat oor provinsiale kleure beskik kan die sweetpakke op dae wat sportdrag toegelaat word by die skool dra.

6.2 DIE VOORGESKREWE SKOOLDRAG MOET GEDRA WORD TYDENS

- Amptelike skooldag
- Amptelike (formele) skoolfunksies na skoolure.
- Sportgeleenthede, as toeskouer (tensy anders gereël deur die skoolbestuur).
- Tydens amptelike verteenwoordiging van die skool by 'n openbare funksie (Tydens kransleggingsbegrafnisse waar die skool verteenwoordig word.)
- Die skooldrag by formele aandfunksies by die skool sal altyd wees:
- 'n Langmou hemp, langbroek met skooldas en baadjie.
- 'n Skoolbaadjie of trui (d.w.s. wintersdrag).
- Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.
- Skoolskoene moet altyd skoon en gepoleer wees.
- Die voorgeskrewe reëls t.o.v. die hare moet te alle tye nougeset nagekom word.

6.3 GRIMERING

- GEEN "lip gloss", maskara, oogomlyner, wangblos, onderlaag, of enige ander grimering word toegelaat nie.
- Die reël geld by alle skooldrag. Alle grimering wat na skool en naweke gedra is moet sorgvuldig verwyder word voor leerders skool toe kom.

6.4 HARE

**Seuns**

- Hare moet netjies geknip wees. Direk om die ore moet dit skoon geknip wees. Dit mag nie die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
- Die nek moet skoon geknip wees vir minstens 3 cm bokant die kraag.
- Hare moet skuins op gesny wees en geen 'wal' vorm nie.
- Hare mag nie agter langer as 1,5 cm wees nie.
- Die voorhoof moet oop en skoon wees. Indien hare vorentoe gekam word oor die voorhoof, mag dit nie die wenkbroue raak nie.
  - Hare mag nie van kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie. Snitte soos "Mohack" word nie toegelaat nie. Geen patrone of paadjies mag in die hare ingesny wees nie.
  - Die hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie.
  - Hare mag nie gekleur of permanent gegolf word nie. Geen kapsels word toegelaat.

**Dogters**

- Alle dogters wie se hare oor die kraag hang, moet dit vasmaak. Kuiwe moet vasgesteek wees of met 'n haarkam (Aliceband) uit die oë gehou word.
- Gebruik donker groen of swart haar benodigdhede. Linte mag slegs slegs oranje of groen van kleur wees.
- Hare mag nie gekleur of permanent gegolf word nie.

6.5 JUWELE

Slegs polshorlosies word toegelaat. Slegs een oorbel per oor in die gaatjie van die oorlel (onderste gaatjie) vir die dogters. Seuns mag nie juwele dra nie. Geen seun mag 'n oorbel/le dra nie. Geen tongringe of enige vorm van neusringe mag gedra word nie. Geen naeltjieringe mag sigbaar gedra word nie.

6.6 NAELS

Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Geen naellak mag gedra word nie. Daar sal in geen spesiale gevalle toestemming gegee word vir langer naels nie.

6.7 VOORGESKREWE SKOOLDRAG

- Ouers word versoek om slegs die voorgeskrewe skooldrag wat by die amptelike leweransiers of by die klerewinkel beskikbaar is, aan te koop.
- Skooldrag moet altyd netjies en skoon wees. Dogters se rokke moet tussen 10cm en 15cm vanaf die grond tot teen die onderste rand van die rok in ‘n knielende posisie, met die skouers na bo gestrek, wees.
- In die somer mag die Graad 1 tot 3 leerders kaalvoet skool toe kom. Graad 4 – 7 moet skoene en skoolkouse dra.
- 

6.7.1 DOGTERS SOMERSDRAG

| | |
|---|---|
| ROK | : Groen skoolrok met ‘n wit hemp. |
| KOUSE | : Wit kort sokkies |
| SKOENE | : Swart skoen met veters / bandjie oor voet |
| TRUI | : Groen trui met oranje strepie by hals |
| KLEURBAADJIE | : Dit word sterk aanbeveel dat gr. 6 en 7 ‘n kleurbaadjie sal hê |

6.7.2 SEUNS SOMERSDRAG

| | |
|---|---|
| HEMP | : Wit |
| BROEK | : Grys |
| KOUSE | : Grys met oranje strepie |
| SKOENE | : Swart |
| TRUI | : Groen trui met oranje strepie by hals |
| KLEURBAADJIE | : Dit word sterk aanbeveel dat gr. 6 en 7 ‘n kleurbaadjie sal hê |

6.7.3 SPORTDRAG (SPORTDRAG DAE)

- Gedurende sekere dae mag leerders die amptelike sportdrag dra. Dit behels die volgende:
- Groen broekie met die oranje strepe (Mag binnekort verander. Kennis sal gegee word.)
- Groen en oranje hempie met skoolwapen op. (Mag binnekort verander. Kennis sal gegee word.)
- Tekkies met wit kouse. Geen “secret socks” mag gedra word nie.

6.7.4 DOGTERS WINTERSDRAG

Dieselfde as bogenoemde behalwe langmou wit hemp met das.
SWEETPAK: Skool

6.7.5 SEUNS WINTERSDRAG

Dieselfde as bogenoemde behalwe langmou wit hemp en grys langbroek. ‘n Das moet ook gedra word.
SWEETPAK: Skool

6.7.6 TASSE

- Slegs voorgeskrewe caddi, seil- of leertasse word toegelaat. Die tas moet stewig, met afskortings, en standaardgrootte wees. (Minimum afmetings 40 x 25 cm).
- Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig gerieflik ingepak kan word en ook **<u>voldoende beskerming ontvang.</u>** Die tas moet ook netjies wees en mag nie afbreuk doen aan ' n leerder se voorkoms nie.
- Leerders mag nie op tasse **<u>skryf</u>** of op die tasse **<u>plakkers</u>** plak nie.

## 7. ORDE REËLINGS

7.1 OPENING VAN DIE SKOOL
- Die skool begin dwarsdeur die jaar om 07:30
- Die leerders tree netjies by hul klasse aan.
- Die opvoeders wag vir die leerders voor hulle die klasse.
- Skooltye mag van tyd tot tyd verander. Aanhangsel "H" is die standaard Skooldag Program.

7.2 SKOOLTYE
- Die skooldag begin om 07:30 en sluit om 13:30 vir gr. 4 – 7
- Die skooldag begin om 07:30 en sluit om 13:00 vir gr. 1 - 3 asook SO 1 en SO 2

7.3 SLUITING
- Die skool se akademiese program sluit daagliks om 13:30. Skool sluit om 10:00 met al die vakansies. Dit mag egter na gelang van omstandighede van tyd tot tyd verander.

7.4 SLUITING VIR VAKANSIES

Ouers mag nie leerders die laaste dag van skool uit die skool hou nie. Indie u wel u kind vroeër ontrek, doen u dit op eie risiko. Reël asseblief u verlof so dat ons nie hierdie reël verbreek nie.

7.5 SOSIALE GELEENTHEDE
- Sosiale geleenthede word geskep vir die leerders van die skool, daarom sal alle sosiale geleenthede, bv. sokkies, slegs deur ons skool se leerders bygewoon word.
- Die drag is informeel, maar netjies en sindelik. Onthou, dit bly nog altyd 'n skoolfunksie.
- Geen wangedrag sal toegelaat word nie.
- Geen leerders mag in die skoolgebou rondbeweeg tydens 'n sokkie nie, jou plek is in die saal.
- Die saal mag nie bemors word nie en almal is, onder leiding van die leiers, verantwoordelik vir die opruiming van die saal na die sokkie.
- Die gedrag tydens elke sokkie/sosiale geleentheid wat gehou word, sal bepaal of daar 'n volgende een sal wees.
- Geen Hoërskool leerders sal toegelaat word om sosiale aktiwiteite sonder die skoolhoof se toestemming by te woon nie.

7.6 VOOR SKOOL: SOGGENS
- Geen leerder mag voor skool in die klas kom nie, behalwe dié wat diens doen, of gereël het (maksimum 3 leerders) en as die opvoeder in die klaskamer is.
- Geen leerders mag laatkom vir skool nie. Laatkommers maak 'n draai by die sekretaresse om 'n briefie te ontvang.
- Wanneer leerders by die skool aankom, moet hulle onmiddellik hul tasse in die klaskamer sit.
- Daar lui twee klokke voor pouse. Met die eerste klok neem die leerders hulle tasse na die volgende klas, waar die leerders na pouse, klas gaan hê. Met die lui van die tweede klok moet leerders onmiddellik weer die stoepe en trappe verlaat en na onderskeie speelterreine gaan.
- Elektroniese speletjies, klimtolle, geraasmakers of enige ander speelgoed word nie by die skool toegelaat nie. Hierdie is belangrik vir leerders om na te kom omdat die skool geen verantwoordelikhei neem vir tlefone, speelgoed wat gedurende die skool wegraak nie.

# 8. GEDRAGSREËLS RAKENDE MENSLIKE VERHOUDINGE

8.1 FILOSOFIE – GRONDSLAG VIR DIE SKOOL SE MENSLIKE VERHOUDINGE

Gedragsreëls is gebaseer op die filosofie hieronder uiteen gesit:

